HOËRSKOOL RANDBURG
AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

ALGEMENE OUEROMSENDBRIEF NO 37 VAN 2021

18 Augustus 2021

Geagte Ouer / Voog, Onderwyser en Leerder

Sien asseblief die onderstaande stappe om te volg rakende Kovid-19 positiewe gevalle.

Kovid-19 protokol
- Saniteer gereeld.
- Behou ‘n sosiale afstand van 1,5 meter.
- Skandeer elke oggend.

Indien ‘n leerder vir Kovid-19 positief toets
- Stuur asseblief ‘n e-pos na covid@hsrandburg.co.za vir aandag Mnr. Vosloo.
- Heg asseblief die **positiewe uitslag** by die e-pos aan. Dit sal as afwesig vir enige toetse of take wat gedoen moet word, dien.
- Die leerder moet dan vir **tien dae** by die huis isoleer.

Indien ‘n leerder in kontak met ‘n persoon kom wat positief getoets het
- Bepaal eerstens wat die kontak behels het.
- Direkte kontak behels:
  - 15 minute in mekaar se geselskap sonder ‘n masker;
  - binne 1.5 meter van mekaar af vir langer as 15 min;
  - items wat gedeel word, bv. waterbottels.

Wat is die prosedure?
- Indien ‘n leerder simptome wys, moet hy/sy dadelik vir **tien dae** isoleer en ook die Kovid toets gaan doen.
- Laat weet asseblief vir Mnr. Vosloo per e-pos dat leerder vir **tien dae** gaan isoleer.
- Indien ‘n leerder in direkte kontak met iemand was, maar geen simptome wys nie, moet die leerder vir **vyf dae** isoleer en dan die “rapid toets” doen. Indien dit na **vyf dae** negatief is en daar is geen simptome nie, mag die leerder terugkeer skool toe.
- Laat weet asseblief vir Mnr. Vosloo as die leerder isoleer.

Isolasie
- Indien enige leerder isoleer net om voorkomend op te tree, moet Mnr. Vosloo oor die aantal dae wat die leerder gaan isoleer, in kennis gestel word.

Toetse
- Indien ‘n leerder selfisoleer en ‘n toets mis, moet die ouer / voog asseblief ‘n kort brief óf e-pos na Mnr. Vosloo stuur wat as afwesig sal dien.

Baie dankie vir u samewerking.

Vriendelike groete

Francois Vosloo
Kovid-organiseerder

Pieter Booysen
Hoof